

25 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 22:12-17

Fokusgedeelte: Openbaring 22:16

Jesus is die helder Môrester

In Openbaring hoor ons die bekendstelling van die gebeurtenisse vanaf die koms van Christus tot by sy wederkoms. Die mededelings gee die geskiedenis egter nie in 'n chronologiese orde nie. Die geskiedenis word telkemale vanuit 'n ander gesigspunt herhaal.

In hierdie gedeelte sê Jesus met die grootste nadruk dat Hy weer kom. Dit is baie duidelik! Hy begin egter ver in die verlede. Hy is die Wortel uit die geslag van Dawid, 'n Takkie uit die stomp van Isai, 'n Loot wat uit sy wortels vrugte sal dra (vgl. Jes. 11:1). As mens is Hy die nakomeling van koning Dawid, maar Hy is ook die blink en helder Môrester. Ons kan ook verder as die woorde van Jesaja teruggaan, want Bileam het alreeds gesê: "Daar kom 'n ster uit Jakob, daar staan 'n heerser in Israel op." Die ouer geslagte van daardie tyd het die sterre as lewende wesens beskou. Die Grieke het hulle selfs as gode beskou.

Uit bogenoemde blyk dit dat Jesus uit die menslike geslagte gebore is, maar ook dat Hy die blink Môrester is. Hy is mens en God. Hierdie wonder word in die geboortegeskiedenis beklemtoon. Jesus is gebore uit die maagd Maria sonder dat daar 'n man teenwoordig was. Hy is uit die geslag van Dawid (Josef se voorgeslagte word genoem), maar Hy wat in haar verwek was, was deur die werking van die Heilige Gees (Matt. 1:20).

Ons herdenk vandag weer hierdie wonder. Die Seun van God het die gestalte van 'n mens aangeneem. Dit is vir baie redelike mense onaanvaarbaar, maar ons moet bely dat ons dit kan aanvaar omdat Jesus sy engel gestuur het om hierdie boodskap in die gemeentes te betuig. Hy stuur sy Heilige Gees sodat ons bo alle twyfel seker kan wees dat Hy as mens gebore is, ons sondes op Hom geneem het en dat ons seker van 'n ewige lewe wees kan wees.

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Prof. FN Lion-Cachet (Emeritus)